Sondag, 15 Maart 2020
Derde Lydensondag

Wanneer die huisgesin saam aansit aan die tafel van hulle oudste Broer…

Toe dit aand geword het, het Jesus sy plek aan die tafel ingeneem saam met die twaalf….En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: "Neem, eet; dit is my liggaam."
(Matteus 26:20 & 26)
"Daar is my moeder en my broers! Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder."
(Matteus 12:50)
Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie.
(Hebreërs 2:11)

Toe Jesus en sy dissipels daardie aand aansit aan die tafel om die paasmaaltyd te eet, het Hy daarvan iets baie besonders gemaak. Hy het die tafel 'n ankerpunt gemaak waarvandaan daar "***onthou***" kon word. Jesus het die gebeure aan die tafel verder omskep in 'n "***waarborg***" van die invloed van Sy sterwe op ons redding, maar hierdie tafel het ook 'n "***familietafel***" geword waar sondaarmense wat nuut gebore is in die huisgesin van God tuiskom. Die Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 35 sê dat die wat nuut gebore is 'n tweede lewe in hulle ontdek, 'n "*geestelik en hemelse (lewe), wat deur die Woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus plaasvind."* Wanneer gelowiges aansit aan die tafel gebeur daar onbegryplike dinge: Die Gas(Heer) word ons Broer; die vreemdelinge om my word my huisgesin; die brood en die wyn word die tekens van my verlossing en Christus laat ons deel hê aan Homself.

Hierdie huisgesin om die tafel sou daardie nag Jesus verraai, verloën en versaak, maar tog het Jesus nie opgehou om hulle sy broers te noem nie. Steeds het Hy die Via Dolorosa gestap om ter wille van hulle te sterf, sodat hulle aan Sy oorwinning deel kan hê. Hy maak hulle heilig sodat hulle een Vader kan hê (Heb. 2:11). Wanneer word ons familie van Jesus? Wanneer ons in God se gesin ingebore word. Wie is Jesus se familie en hoe sal jy hulle uitken? Dit is hulle wat die wil van God doen.

– Ds. Johan Marais

Hartlik welkom by ons gesamentlike erediens vanoggend, gelei deur ds.Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout.
Agter in die kerkgebou is Bybels en Liedboeke indien u een benodig.
Uit die binnehof is deure na die Moederskamer en toiletgeriewe.
Almal word hartlik uitgenooi na 'n koppie tee of koffie ná die diens in die binnehof.

Indien u enige vrae het of met die leraar oor vanoggend se erediens wil gesels, skakel/sms gerus ds. Johan Marais (084 517 8052).

Hierdie is die laaste Fokus vir die kwartaal; ons gee daarom al die nodige inligting vir die volgende twee weke. Die volgende Fokus verskyn op Sondag, 5 April.

Ander eredienste vandag en volgende twee Sondae:

Om 15:00	Sothodiens – teol.std. Steve Bopane.
Om 18:00	Ds. Charles Mitchell (Paassangdiens en Aandnagmaal met Andrew Murray-gemeente).
Sondag, 22 Maart	09:30 – ds. Jan Lubbe (Mat. 20:22 en 26:29); middag om 15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiens).
Sondag, 29 Maart	09:30 – ds. Kobie Breedt. Geen Sothodiens.
Sondag, 5 April	09:30 – ds. Jan Lubbe (Gesamentlike erediens). 15:00 – teol.std. Steve Bopane(Sothodiens).

Geen aanddienste gedurende die skoolvakansie.

DEURKOLLEKTES:

08 Maart	Teologiese Opleiding	R 1 446,00
15 Maart	Bediening Andrew Murray	
22 Maart	Bloemshelter	
29 Maart	Vrystaat Versorging	
05 April	Teologiese Opleiding	

'n Inligtingstuk oor deurkollektes is agter in die kerk op die tafel beskikbaar.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Verjaarsdae:
Ons hartlike gelukwense en seënbede aan almal wat vandag en hierdie week verjaar:

15 Maart	Liesl du Plessis en Tharina Strauss.
16 Maart	Hermien Davel, Monica Meyer, Daniël Olivier en Elsje Raubenheimer.
17 Maart	Roelof Fourie, Leah-Ané Human, Linette Peltzer, Pulani Pickard en Denise van Rooyen.
18 Maart	Gertie Joubert en Marthinus Schoombie.
19 Maart	GF Fourie, Michael Gerber, Annette Kleynhans, Hester Roos en Jaco Spies.
20 Maart	Tehandé Kemp, Annelize Kleynhans, Irene Marais, Patrick O'Neill, Ellen-Anne Swart en Leané van Pletzen.
21 Maart	Johan Cilliers, Corrie Engelbrecht, Stephan Jacobs en René Maritz.
22 Maart	Rudi Engelbrecht.
23 Maart	Willem Groenewald, Christa Prinsloo, Lambrecht Scheepers, Wikus Schutte, Andries Snyman en Rachelle Wilson.
24 Maart	Elsie Haasbroek en Lisa Meyer.
25 Maart	Ida Harris, Johan J v Rensburg, Willem Rossouw, Izabella Swanepoel en Jochemus van Tonder.
27 Maart	Anna-Maria Fourie.
28 Maart	Alida Attwell, Marieta de Wet, Iné du Plessis en Gerhard Jansen.
29 Maart	Henry Denner, Inus Fourie, Roelof Jacobsz, Rynhardt J v Rensburg,

	Lana Loots, Helé Samuel en Yvonne Theunissen.
30 Maart	Anna Bobbert, Anna-Marie Herbst, Ida Jansen van Rensburg, Willemien Smuts en Carli van Staden.
31 Maart	Magriet Benade, Juane-Mari J v Rensburg en Liesbeth Swiegers.
01 April	Johan Cilliers, Quilly Jacobs, Bea Gerber en Ethan Rabie.
02 April	Chris Gouws, Lienkie Marais, Denise Cilliers en Liné Grobler.
03 April	Nicola Roets.
04 April	Elsje Spies en Henry Heenop.

Siekes tuis of in hospitaal:
Ons dink in gebed aan hulle wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling: Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Tannie Constans Reyneke (Aliquando); Tannie Hanna Lubbe (Serenitas 159, wyk 15a); Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17); Conna Lups (Deanelaan 25, wyk 20b) en Beatrice Carshagen (Cussoniahof 8, wyk 20b).

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Woensdag, 18 Maart	05:30 – Mannebiduur.
	19:00 – Bybelstudie (ds Jan): *"Só sê die Here" VIII - Amos*
Donderdag, 19 Maart	09:00 – Bybelstudie (ds Johan): *"'n Lewe as kind van God"*

Ons Bybelstudie- en gebedsgroepe sluit ook hierdie week af en hervat op 1 en 2 April.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg (Leraarswyke – omgeruil vanjaar):

Wyke 1-10	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20	– ds. Johan Marais (084 517 8052)

Verlof:

Ds. Johan Marais	21-29 Maart 2020.
Ds. Jan Lubbe	27-29 Maart 2020.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:
Baie dankie aan Wyke 15 en 16 vir jul dienswerk in Maartmaand; die etes Vrydagaande by Bloemshelter en tee en blomme Sondae by die kerk – ons as gemeente waardeer jul sorg. **Wyk 17** (Noorderbloem en omliggende buurt) en **18** (Verre Noord) is in April aan die beurt vir gasvryheid op Sondae die verskaffing van etes aan Bloemshelter. Indien u as vrywilliger by ons gasvryheid, sorg-en-omgee betrokke wil raak, kontak asb. die kerkkantoor (051-436 2750).

BEDIENINGE

EREDIENSBEDIENING

Paassangdiens en Aandnagmaal met Andrew Murray-gemeente:
Vanaand ontvang ons die Andrew Murray-gemeente by ons erediens, gelei deur ds. Charles Mitchell. Ons nooi almal hartlik uit om aan gemeentesang eie aan die Lydenstyd en 'n Nagmaalsviering te kom meedoen; ná die tyd ook 'n koppie tee.

JEUGBEDIENING

#imagine, die groot jeugsaamtrek vir tieners word weer vanjaar by Nampopark (Bothaville) aangebied, 27 tot 29 Maart; kostes R 500 p/p. Rig enige navrae aan di.

Johan Visser (072 603 3205) of Ettienne Engelbrecht (082 850 7807), of gaan na central@imaginemovement.co.za.

GETUIENISBEDIENING: MET WOORD EN BROOD...
Vervoerhulp na Eredienste:
Ons nooi graag ouer lidmate wat op 'n Sondagoggend van vervoer na die erediens en terug gebruik sou wou maak, om hul name na die kerkkantoor deur te stuur (051-436 2750), sodat ons 'n behoeftebepaling en moontlike roete vir op- en aflaai kan beplan...

Gemeentemark:
Ons volgende mark vind plaas op Vrydag, 3 April. Enige skenkings is welkom; altyd lekker om nuwe voorraad aan te bied aan gereelde kopers..

NUUS VAN ELDERS

Paasvakansieplek...
Ideale plek vir 'n heerlike Paasvakansie by Xanadu, Cintza-oos, 40 km oos van Oos-Londen. Ten volle toegeruste en gedienste 5 bed chalet, met uitsig oor see en lagoon, 5 minute se stap van die strand. Beskikbaar 27 Maart-3 April en/of 3-10 April. Vir meer inligting, skakel 051-436 7391 of 083 799 9163 of 061 449 8976.

Groot Lydensweek en Pase 2020

Graag nooi ons u as gemeente, oud en jonk uit om vanjaar se Lydenstyd en Paasnaweek in Berg-en-Dal mee te maak – hier volg solank ons program...

5 April:	**Palmsondag.** Oggenddiens om 09:30 (ds. Jan Lubbe, Matteus 21); aand om 18:00 – "Stabat Mater" van JG Rheinberger, uitgevoer deur die Alumni Voices o.l.v. Leona Geldenhuys.
6-9 April:	Oggendwydings om 07:00 (ds. Jan Lubbe) – kom word stil, lees, luister...
8 April:	Kuierklub op Woensdagoggend, 09:30. Ds. Martin Laubscher kom vertel meer oor die simbole, gebruike en boodskap van die Lydens/Paastyd.
9 April:	**Witte Donderdag.** 'n Nagmaalsviering vir gesinne, vriende, wyke, gelei deur ds. Johan Marais. Kom enige tyd tussen 18:00 en 19:30; daar is tekste en sagte musiek in die kerk wat jul begelei na die Nagmaalstafel.
10 April:	**Goeie Vrydag.** Erediens om 09:00, met Nagmaal (ds. Johan Marais).
12 April:	**Paassondag.** Erediens om 09:30 (ds. Johan Marais).

Op berge en in dale – oral voor Gods aangesig.

NG Kerk Berg-en-Dal ABSA Tjekrek. 470-580-011
Baie dankie vir jou gereelde dankofferbydrae – dit help ons gemeente versorg en om die goeie boodskap van God's barmhartigheid verder uit te dra.